Respek. Eenheid. Trots

IMMER VOORWAARTS

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

10 April 2026

**NUUSBRIEF 12/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Sport vs De Villiers Graaff:** Op Saterdag, 11 April begin ons wintersport-program met 'n groot "bang"! Die hele skool se spanne speel op Villiersdorp teen De Villiers Graaff se spanne. **Busgeld beloop R50**. Ons wil graag spelers aanmoedig om altyd 'n kaartjie te koop sodat daar nie met baie kontant gewerk hoef te word nie. Indien u kind nie 'n kaartjie gekoop het nie, moet u asb. toesien dat hy/sy die KORREKTE bedrag in kontant saambring aangesien daar nie altyd kleingeld beskikbaar is nie. Die Noble's Busse vertrek stiptelik om **05:50** vanaf die skool en sal spelers optel op die Parmalat/Lactalis-roete (deur Happy Valley) voor hulle by die dorp uitry na Robertson. Die Laerskoolspanne word vervoer met ons eie bussies, asook een Noble's bus. **Die laerskoolspelers het slegs 2 opklimpunte: Eers by die skool (05:50) en daarna by die vierrigtingstop onderkant Happy Valley.** Die Hoërskoolspanne ry met twee Noble's busse. Ons ry deur Robertson. Buslyste sal op die Bonnies-groep (announcements) geplaas word. Maak asb. seker dat u kind korrek geklee is (Bonnievale sport/skooldrag) en dat die korrekte wedstrydklere aangetrek/ingepak is, asook dat spelers op die korrekte busse klim. Sterkte aan ons spanne! Ons hoop dat julle die nuwe seisoen baie sal geniet en dat julle goed sal vaar. Onthou asb. ook dat ons gedrag **langs** die veld net so belangrik is as **op** die veld.

   Ons het spelers in van ons spanne wat op ander dorpe bly (bv. Ashton, McGregor, Robertson en Riviersonderend), maar by ons skoolgaan. Dit skep probleme wanneer ons sportspanne moet deelneem. Die skool kan ongelukkig nie verantwoordelikheid hiervoor neem om spelers te gaan haal of weg te neem nie. U as ouer is daarvoor verantwoordelik. Dit is ongelukkig ook baie ontwrigtend indien spelers nie beskikbaar is vir wedstryde nie, en ons spanne word daardeur erg benadeel. Ons vra asseblief dat ouers wat in hierdie bootjie is, sal saamwerk en mekaar sal help om 'n oplossing hiervoor te vind. Ons wil graag ons leerders die geleentheid gee om deel te neem en wil graag ons sterkste spanne kies.

2. **Wintersdrag:** Dit begin reeds koeler raak in die oggende, maar ons weet uit ondervinding dat daar nog 'n klompie baie warm dae voorlê. Om daardie rede is ons tans in 'n oorgangsfase wat kleredrag betref. Leerders wat maklik koud kry mag solank hul wintersdrag begin aantrek, terwyl die res steeds kan voortgaan met hul somersdrag. Op 4 Mei sal ons amptelik oorgaan na volledige wintersdrag en dan moet al die Bonnies korrek geklee wees. Ouers moet asb. solank seker maak dat die wintersdrag gereed is (dasse ingesluit vir die klasse wat dit moet dra, en dat kledingstukke nog pas). Moenie te lank wag om u kind se klere te kontroleer nie.

3. **Kwartaalprogram:** Vir u gerief word daar weer in hierdie nuusbrief 'n kwartaalprogram aangeheg. Let asb. daarop dat Noord-Boland (Laerskole) laat weet het dat die laerskoolprogram nou weer gaan verander. Dit is buite ons beheer en die laerskooldatums moet dus eers ignoreer word.

4. **Matrieksertifikate 2025:** Die amptelike NSS-sertifikate van ons Matrieks van 2025 is ontvang. Die Matrieks behoort 'n SMS te ontvang dat hulle dit kan kom afhaal. Kandidate MOET asb. 'n ID-bewys kan toon voordat die sertifikaat oorhandig mag word.

5. **Selfone:** Die oormatige gebruik van selfone en die houvas wat dit op ons leerders het, bly iets waaroor ons bekommerd moet wees. Daar is oorgenoeg navorsing gedoen oor die nadelige effek wat selfoongebruik tans op ons samelewing het. Ek wil graag ‘n beroep op ons ouers doen om leerders se selfone by die huis te laat bly, en dat u ook by die huis slegs spesifieke tye sal toelaat om die selfoon te gebruik. Sommige leerders is alreeds vroegoggend doodmoeg in die klasse. Ek neem aan hulle kry te min slaap. Dit sal goed wees as u saans teen ‘n sekere tyd u kind se selfoon inneem en bêre. Help ons asseblief! Baie van ons leerders kan heelwat beter presteer indien hulle meer van die tyd wat hulle met hul selfone deurbring, sou gebruik vir hul akademie.

6. **Akademie:** Hierdie is ‘n ”kort” kwartaal aangesien ons eksamen skryf. Die eksamen begin reeds vir ons senior klasse aan die begin van Junie, terwyl die res van die skool ongeveer ‘n week later sal begin. Dit is uiters belangrik dat u kind sal oplet in die klasse, huiswerk getrou sal doen, en deurgaans hard sal werk sodat hulle akademies kan vorder. Tradisioneel val baie leerders se punte tydens eksamens aangesien groter hoeveelhede werk getoets word. Dit hoef nie te gebeur nie, en kan voorkom word indien leerders daagliks aandag aan hulle studies gee. Moedig asb. aan en ondersteun u kind. Ons wil almal graag hê dat ons leerders hul volle potensiaal bereik.

7. **Oueraande:** Vanaf volgende week sal daar geleentheid wees vir ouers om met die onderwysers te kom gesels rakende u kind se rapport en gedrag. Saam met die rapport is sekere ouers uitgenooi wat die oueraand asseblief MOET bywoon. Alle ouers is egter welkom om met die onderwysers te kom gesels. Oueraande begin om 16:00 en duur tot 18:00, tensy ander reëlings deurgegee word.

8. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Sa. 11 Apr | HS en LS sport vs De Villiers Graaff (weg) |
| Di. 14 Apr | 2027 Inskrywings vir gr.1 en gr.8 sluit<br>LS Montagu sport (TUIS) |
| Wo. 15 Apr | HS Sport vs Jakes Gerwel (tuis)<br>Oueraand gr.1 - 3 |
| Do. 16 Apr | LS Netbal Langeberg Proewe (HSB) |
| Sa. 18 Apr | Rûens Sportdag<br>HS Curro Hermanus sport (tuis) |
| Ma. 20 Apr | Oueraand gr.8 - 12 (16:00 – 18:00) |
| Di. 21 Apr | Oueraand gr. 4 – 7 (16:00 – 18:00) |
| Wo. 22 Apr | HS Montagu sport (tuis) |
| Do. 23 Apr | Juf. Surita Brink verjaar<br>LS Bontebok sport (tuis) |
| Vr. 24 Apr | Rian Boshoff verjaar |
| Wo. 29 Apr | Jan du Toit verjaar<br>Ashton Sekondêr sport (weg) |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

**“ Die tyd is altyd reg om te doen wat reg is”**
**-Martin Luther King Jr.-**


Op 'n Hoë noot!
Datum: 9 Mei 2026
Tyd: 19:00
Plek: NG Kerksaal, Bonnievale
Plaaslike- en gaskunstenaars, o.a.:
Teresa de Wit - mezzosopraan
Bennie van Eeden - pianis
André Serfontein - pianis/tenoor
Desireé Wentzel vier 60 jaar
in die onderwys
Kaartjies & besprekings:
Aletta Els 082 493 2962
R50 - onbespreekte plekke
R100 en R150 bespreekte plekke


Pre-Primère Skool
Irena Coetzee
NUWE AANSOEKE
2027
4-5 jaar Pikkies
6 jaar Graad R
Vanaf 23 Maart 2026
Tot 30 April 2026
Vorms kan by die skool gekry word
op weeksdae vanaf
7:30 – 12:30
023 616 2893
ic.kleuterskool@gmail.com

# HOËRSKOOL BONNIEVALE
## Kwartaal program: Kw 2 en 3 van 2026

| DATUM | | Dag | AKTIWITEIT |
|---|---|---|---|
| April | 7 | Di | HS Kaapse Wynland netbalproewe rondte 1 |
| | 8 | Wo | **SKOLE OPEN** |
| | 9 | Do | LS Dorpsproewe netbal & rugby (tuis) |
| | 11 | Sa | HS + LS vs DVG (weg) |
| | 14 | Di | LS vs Montagu (tuis) |
| | 15 | Wo | HS vs JGT (tuis) |
| | 16 | Do | LS Langeberg netbalproewe (tuis)<br>LS Langeberg rugbyproewe |
| | 18 | Sa | HS vs Curro Hermanus (tuis)<br>LS Rûens Sportdag |
| | 22 | Wo | HS vs Montagu (tuis) |
| | 23 | Do | LS vs Bontebok (tuis)<br>LS Wynland Noord netbalproewe<br>LS Noord-Boland rugbyporoewe |
| | 29 | Wo | HS vs Ashton Sekondêre Skool (weg) |
| Mei | 5 | Di | LS vs Robertson (weg) |
| | 9 | Sa | HS vs HS Bredasdorp (weg)<br>LS Wynland netbalproewe<br>HS Kaapse Wynland netbalproewe rondte 2 |
| | 13 | Wo | HS vs HS Robertson netbal (tuis) |
| | 14 | Do | LS vs Dagbreek (tuis) |
| | 16 | Sa | LS Montagu Sportdag<br>HS Weskaap netbalproewe rondte 1 |
| | 20 | Wo | HS vs Swellendam Sekondêre (weg) |
| | 21 | Do | LS vs Barrydale (tuis) |
| | 22 | Vr | LS Swellendam Sportdag |
| | 23 | Sa | LS Swellendam Sportdag<br>HS vs Montana (weg) |
| | 27 | Wo | HS vs Barrydale (tuis) |
| | 28 | Do | LS vs Barrydale (weg) |
| Junie | 6 | Sa | Trail Run (Swellendam) |
| | 26 | Vr | **SKOLE SLUIT** |
| Julie | 21 | Di | **SKOLE OPEN** |
| | 25 | Sa | LS Pikkie Sportdag<br>HS vs HS Swellendam (tuis) |
| Augustus | 1 | Sa | LS HSB Ideal Sportdag |
| | 11 | Di | LS vs Wakkerstroom-Wes (tuis) |
| | 15 | Sa | Interskole – HSB vs Franschhoek |

# HOËRSKOOL BONNIEVALE

## MIDDAGPROGRAM - Winter 2026

<table>
<tr><th>DAG</th><th>AKTIWITEIT</th><th>TYD</th><th>VERANTWOORDELIK</th><th>TEL. NR.</th></tr>
<tr><td rowspan="5">MA</td><td>LEESPROGRAM</td><td colspan="3">Leesprogram beskikbaar vir leerders soos spesifiek gereël met Me. Y. Delport</td></tr>
<tr><td>TONEEL/REVUE</td><td>14:40 – 15:50</td><td>D. Landman</td><td>065 613 8373</td></tr>
<tr><td>REKENAAR</td><td>14:45 – 15:45</td><td>B. Oosthuizen</td><td>023 616 2160</td></tr>
<tr><td>DEBAT</td><td>15:15 – 16:15</td><td>Y. Delport</td><td>071 671 9690</td></tr>
<tr><td>NETBAL 19A en 19B</td><td>14:45 – 16:30</td><td>A.van Tonder</td><td>072 224 7073</td></tr>
<tr><td rowspan="2">DI</td><td>REKENAAR</td><td>14:45 – 15:45</td><td>B. Oosthuizen</td><td>023 616 2160</td></tr>
<tr><td>NETBAL en RUGBY</td><td colspan="3">Sien onderstaande netbal- en rugbyprogram</td></tr>
<tr><td rowspan="5">WO</td><td>LEESPROGRAM</td><td colspan="3">Leesprogram beskikbaar vir leerders soos spesifiek gereël met Me. Y. Delport</td></tr>
<tr><td>REVUE</td><td>14:40 – 15:50</td><td>M. Boshoff</td><td>066 218 3309</td></tr>
<tr><td>REKENAAR</td><td>14:45 – 15:45</td><td>B. Oosthuizen</td><td>023 616 2160</td></tr>
<tr><td>SKAAK</td><td>14:45 – 15:45</td><td>C. de Beer</td><td>076 201 0725</td></tr>
<tr><td>Mnr. en Mej. HSB</td><td>14:30 – 15:30</td><td>I. Oktober</td><td>071 394 3705</td></tr>
<tr><td rowspan="2">DO</td><td>LEESPROGRAM</td><td>14:30 – 15:30</td><td>S. Jordaan</td><td>072 434 3546</td></tr>
<tr><td>NETBAL en RUGBY</td><td colspan="3">Sien onderstaande netbal- en rugbyprogram</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th>2026</th><th>SPAN</th><th>TYD</th><th>PLEK</th><th>AFRIGTER</th><th>SEL</th></tr>
<tr><td rowspan="12">NETBAL</td><td>19 A + B</td><td>15:45 – 17:00</td><td>Baan 1</td><td>A. van Tonder</td><td>072 224 7073</td></tr>
<tr><td>17 A & B</td><td>14:45 – 15:45</td><td>Baan 3</td><td>L. Coetzee</td><td>066 461 8129</td></tr>
<tr><td>16 A + B</td><td>14:45 – 15:45</td><td>Baan 1</td><td>C. Matthysen</td><td>064 725 6394</td></tr>
<tr><td>15 A + B</td><td>15:45 – 16:45</td><td>Baan 2</td><td>S.Brink</td><td>066 291 5617</td></tr>
<tr><td>14 A + B</td><td>14:45 – 15:45</td><td>Baan 2</td><td>C. Viljoen</td><td>083 707 1880</td></tr>
<tr><td>13 A + B</td><td>14:45 – 16:00</td><td>Hoofbaan</td><td>C. Mathys</td><td>061 290 6095</td></tr>
<tr><td>12 A + B</td><td>14:45 – 15:45</td><td>LS: Baan C</td><td>A.Tamboer</td><td>078 036 7102</td></tr>
<tr><td>11 A + B</td><td>14:45 – 15:45</td><td>LS: Baan B</td><td>C. Linde</td><td>081 751 7047</td></tr>
<tr><td>10 A + B</td><td>14:45– 15:45</td><td>LS: Baan A</td><td>G.v Loggerenberg</td><td>079 931 1993</td></tr>
<tr><td>9 A + B</td><td rowspan="3">Di: 13:30 – 14:30<br>Do: 12:45 – 13:45</td><td>LS: Baan C</td><td>S. Nel</td><td>076 810 0959</td></tr>
<tr><td>8 A + B</td><td>LS: Baan C</td><td>A. Le Roux</td><td>066 222 5037</td></tr>
<tr><td>7 A + B</td><td>LS: Baan B</td><td>T. van Heerden</td><td>083 975 3704</td></tr>
<tr><td rowspan="7">RUGBY</td><td>19<br>17</td><td>15:00-16:30</td><td>A-veld<br>o.9 veld</td><td>C. Myburgh<br>R. Boshoff</td><td>082 768 5946<br>072 499 7553</td></tr>
<tr><td>15</td><td>14:45 – 15:45</td><td>B-veld</td><td>V. van Heerden<br>C. de Beer</td><td>084 500 1095<br>076 201 0725</td></tr>
<tr><td>13</td><td>14:45 – 15:45</td><td>A-veld</td><td>D. v Loggerenberg</td><td>076 197 8086</td></tr>
<tr><td>11</td><td>14:45 – 15:45</td><td>B-veld</td><td>F. Hattingh</td><td>079 877 3729</td></tr>
<tr><td>9</td><td rowspan="3">Di: 13:30 – 14:30<br>Do: 12:45 – 13:45</td><td>A-veld</td><td>C. Kuhn</td><td>082 227 5881</td></tr>
<tr><td>8</td><td>o.9 veld</td><td>E. Mathambo</td><td>072 756 1535</td></tr>
<tr><td>7</td><td>A-veld</td><td>E. Mfundisi</td><td>068 608 6910</td></tr>
</table>